Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Die Hoërskool Wonderboom

Desember 2020

Geagte Graad 8-Ouers

Ons wil graag die volgende reëlings aan u deurgee:

- Daar is geen samekoms vir die Graad 8-leerders op Maandag, 25 Januarie 2021 nie. Leerders kom eers op Dinsdag, 26 Januarie skool toe. Dit is so verander ten einde alle leerders kans te gee om in te skryf aangesien die departementele aanlynstelsel nie afgehandel was nie.

- Op Dinsdag, 26 Januarie 2021, verwelkom ons alle graad 8 leerders om 9:00 by die skool. Die leerders sal deur hul voogde, die graadhoof en matriekraad in die hoofsaal ontvang word. Hier word hul in klasse ingedeel en bekendgestel aan die skool. Hul program verloop tot 11:30.

- Op Dinsdag, 26 Januarie 2021, vind die ouer-kenmekaarbraai vanaf 17:30 in die vierkant plaas. Onthou u eetgerei, stoele en drinkgoed.

- Op Donderdag, 28 Januarie 2021, is daar atletiekuitdunne vir die graad 8-leerders.

- Op Vrydag, 29 Januarie 2021, kom die graad 8-leerders om 8:00 in die Wonderboomsaal bymekaar. Die oriënteringsprogram sal strek tot 14:30.

- Op Saterdag, 30 Januarie 2021, is daar vanaf 8:00 – 12:00 verpligte groentjiekonsertoefening vir alle graad 8-leerders.

Alle reëlings met betrekking tot die bogenoemde dae sal op Dinsdag, 26 Januarie, aan die leerders deurgegee word.

Ons sien daarna uit om julle by Die Hoërskool Wonderboom te ontvang.

ME S VENTER
GRAADHOOF

ME M V EEDEN
GERAADVOOG

MNR M LEZAR
HOOF

Integriteit Respek Verantwoordelikheid Diensbaarheid Erkenning